**<u>19 April 2026</u>**

**<u>Aanddiens</u>**

**<u>Sing:</u>** Ps. 104:1,14,20; Ps. 68:9,13;  Skr. 17:1,5,6;

**<u>Lees:</u>** Luk. 16:1-13; Son 42

**<u>Teks:</u>** Son 42.

**<u>Tema:</u> God gee ons stoflike dinge uit sy genade sodat ons as rentmeesters daarmee sal omgaan.**

***Die gawe van besittings.***

In hierdie Sondag afdeling word ons in die wet voor ons omgang met ons besittings gestel. Die dinge wat ons uit die hand van die Here ontvang het is nie uit ons self of vir ons self nie, maar is gawes uit sy hand. Hy stel die mens aan in sy skepping om as rentmeester daaroor te heers en dit te bestuur. Wanneer ons met die eiendom van die Here omgaan asof dit ons eie is en geen verantwoording aan Hom verskuldig is nie, is ons nie meer besig om die Here te dien nie. Alles wat ons het is sy eiendom wat Hy aan ons toevertrou.

***Die omgang met ons besittings.***

Die Here verbied nie net roof en diefstal nie, maar ook al die slinkse maniere wat mense bedink om die goed van hulle naaste vir hulle self in te palm. In die gelykenis wat Christus aan sy dissipels vertel word die teëstelling tussen die aardse en die hemelse dinge beklemtoon. Dit is ons sondige natuur om aardse besittings ter wille van ons self na te jaag. Dit gee gewoonlik aanleiding tot gierigheid en die verdraaiing van die reg. Maar as burgers van die hemelse koninkryk wil ons in alles ons aandag rig op die heerlikheid van God.

***Die diensbaarheid deur ons besittings.***

Om God te verheerlik het ons die roeping om onsself en ons besittings in diens van God se koninkryk te stel. Hy versorg ons met stoflike dinge sodat ons in die hierdie bedeling kan leef en kan werk, sodat ons deur alles die Naam van ons Hemelse Vader kan grootmaak. Op hierdie manier stel ons ook ons aardse besittings so in die Here se diens dat liefde tot God en ons naaste daardeur sal sigbaar word.